GRAAN

SOJA STOOM VOORT; KORING STRUIKEL

SOJABONE sit steeds hul opgang in Suid-Afrika se saaigebiede voort, terwyl die beleërde nasionale koringbedryf al hoe swaarder trek.

Kort nadat die Nasionale Oesskattingkomitee in sy jongste raming die verwagte sojaboon-oes tot 1,04 miljoen ton verhoog het, is voorspel dat die land dalk weens skraps aanplantings in die komende bemarkingsjaar die meeste koring tot nog toe sal moet invoer.

Die hoër soja-skatting, 3,3% meer as die Junie-skatting, is danksy buitengewoon baie reën wat einde Maart oor 'n groot deel van die somersaaigebied geval het. Dit het onbepaalde groeier-kultivars, wat aanvanklik deur die midsomerdroogte teruggehou is, 'n welkome laaste hupstoot gegee.

Dit sal die eerste keer nog wees wat die land se sojaboon-oes die mylpaal van 1 miljoen ton verbysteek. Dié oes kon nog veel groter gewees het as dit nie vir die rekorddroogte was nie, want 36% meer sojabone is as die vorige jaar aangeplant.

1,8M TON KORING DALK INGEVOER

Intussen voorspel Graan SA dat 1,8 miljoen ton koring dalk in die bemarkingsjaar 2015-'16 ingevoer sal moet word, wat amper 57% van die verwagte nasionale verbruik sal verteenwoordig. Dit sal die meeste tot nou toe wees.

Soja het baie somersaaiboere gehelp, met reën in Maart wat kultivars met 'n onbepaalde groeiwyse 'n hupstoot gegee het. FOTO: JOHAN NORVAL

Die Nasionale Oesskattingkomitee het pas in sy voorlopige raming van vanjaar se koring-aanplantings aangedui dat net 478 300 ha koring klaarblyklik aangeplant is.

Dit is net 'n aks meer as die vorige jaar se 477 000 ha, wat die kleinste nasionale koringaanplanting sover was, en die eerste jaar wat Suid-Afrika se koringhektare minder as 500 000 was.

Vanjaar se verwagte koringinvoer is volgens die skatting van Graan SA sowat 1,75 miljoen ton – sowat 55% van die nasionale verbruik.

Daarvan is reeds rondom 1,5 miljoen ton ingevoer, waarvan 28% uit Rusland kom, 23% uit Duitsland en 17% uit die Oekraïne. – MARLEEN SMITH